

24 Junie

Psalm 1, (Teks: 1:2)

Die enigste weg tot ware vreugde

In Psalm 1:1 het ons gesien dat die ware gelukkige mens veral drie dinge nie sal doen nie. In vers 2 word gesê wat moet gedoen word vir ware geluk. Jy moet in die Wet van die Here 'n behae hê en dit altyd oordink. In sy wet is sy wil geopenbaar vir die mens om te doen, sodat hy waarlik gelukkig sal wees. Daarom moet die mens altyd erns maak met die woord van die Here. Die gelukkige (gelowige) mens sal behae hê in Gods Wet (Sy wil) omdat hy weet dis die allerbeste vir hom. Dit is die enigste weg tot ware lewe, vrede en vreugde. Daarom sal hy hom ook verlustig in die wet van die Here om al meer die wil van die Here te soek. Verder "oordink Hy sy wet dag en nag." Dit beteken hy beskou dit as die hoogste reël van sy lewe en soek derhalwe gedurig, onder alle lewensomstandighede, na Gods leiding en hy volg ook daardie leiding. Hy bedink en doen dus wat in die Woord geskrywe staan, en dit bou sy siel op (vers 3).

Kyk na die teenstelling tussen vers 1 en 2: Die kind van God begewe hom nie op die ydele en sielsgevaarlike weg van die sonde nie, maar koop die tyd uit deur erns te maak met die wil en die weg van die Here soos geopenbaar in sy Woord. Soos die goddelose al verder en verder van God af weg beweeg, en soos die onverskillig gelowige wat met die ongelowige heul ook die gevaar loop om al verder van die Here af te dwaal, so kom die verstandige gelowige al nader aan die Here. Hy groei al meer in die genade. Hy neem toe in Christus-gelykvormigheid. Hy vertoon al meer die beeld van Christus.

Sing: Psalm 119:1

Ds. P. van Wyk (Lichtenburg)